Maandag oggend
Jes.9: 5,6; 52: 13 – 53: 12; Mat.26: 26 – 35. Teks Jes. 53:11 " My Dienskneg sal Hom as Regverdige betoon aan baie, en hulle sondeskuld – Hy sal dit op Hom laai." Tema: 'Christus het beplan om Paasfees die Kneg en Sondag die Here te wees.' Wat was die Here se plan met Paasfees? Die Here Jesus het 'n baie spesifieke plan met Paasfees gehad. Sy plan vir Paasfees was Jes. 52:13 – 53:12. Volgens dié plan was dit die Here se doelstelling om die Seun van Dawid te word soos verwoord in Jesaja 9: 5–7: Om só God met ons te wees "Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader en Vredevors wat só regeer dat Hy reg en geregtigheid vestig en in standhou. Die Here Jesus het persoonlik Jesaja 53: 1–12 sy agenda gemaak hoe om sy doelstelling vir Paasnaweek te bereik en sy strategie was sy lyding, kruisiging, dood, opstanding, hemelvaart en verhoging aan die regterhand van God die Vader. Hierdie was werklik die persoonlike plan van Jesus Christus vir Paasnaweek. Sy plan was nie onbekend, geheimsinnig en misterieus nie - nié self uitgedink en privaat gehou wat sy dissipels eers na die tyd van uitgevind het en toe versies in die Ou Testament daarvoor gaan soek het nie. Nóg minder was Jesus planloos vir Paasfees, so asof Hy doelloos, sonder agenda of strategie net die Jode gaan konfronteer het met sy diep, egte, ware en lewende spirituele verhouding met God. Ook nié om sodoende die Jode te ontmasker as mense wat net met tradisie, organisasie, instellings en ampte besig is - sonder'n egte verhouding met God nie. Hy het ook nié toe maar 'n martelaar vir sy egte verhouding met God geword nie. Die Here Jesus het vandat hulle Hom openlik as die Christus bely het (Mat.16), VERKLAAR en GELEER dat Jes. 53 sy plan vir Paasfees was. Drie keer op pad na Jerusalem het Hy aangekondig en geleer Hy gaan oorgelewer word, veroordeel word, gekruisig word, dood gemaak en begrawe word en dan uit die dood opstaan om Christus en Here te wees. (Mat. 16: 21, 17:22 en 20: 17) Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za Ds Petrus.

Maandag aand
Eseg.37: 11 – 14, 24 – 28; Mat. 27: 51 – 53; Luk.24: 36 – 46. Teks: Luk. 24: 46: " So staan daar geskrywe dat die Christus moet ly en op die derde dag opstaan." Tema: 'Christus was Paasvrydag die Kneg om Paassondag die opgestane Here te wees.' Ons vier op Paassondag die opstanding van die Here Jesus as mens uit die dood op uit. Óns laat die Here Jesus nie opstaan uit die dood nie. Nié deur Hom te beleef of te herleef nie. Om uit die dood uit op te staan as 'n lewende mens van vleis en bloed was van die begin af die plan van die Here met Paasfees. Dit was sy doelstelling en agenda. Sy plan was om as Christus en Here sy kerk vir ewig te regeer - nié om net dood te gaan nie. Sy lyding en dood was die wyse waarop Hy Homself bemagtig het om Here en Christus vandag te wees. Om uit die dood uit op te staan as 'n lewende mens op Sondagoggend was van die begin af hoe die Here Homself as die Kneg van Jesaja 53 geken en openbaar het: " Kyk my Dienskneg sal suksesvol wees, Hy sal uitstyg, uittroon en baie verhewe wees." (Jes.52: 13) "Na die swaarkry wat Hy beleef het, sal Hy sien." (53: 11). Sy opstanding uit die dood uit om lewend mens te wees het die Here DRIE KEER vir sy dissipels voor die Paasfees uitdruklik aangekondig en verduidelik (Mat. 16:21. 17:28, 20:19). Om uit die dood uit op te staan na sy lyding vir ons sondes was hoe die Here Jesus die mag verkry het om op die troon van Dawid, die aan die regterhand van die Vader te sit volgens die Dawidsbelofte. (2 Sam.7: - ) en sy kerk te regeer deur die Heilige Gees aan hulle te gee: dit is om die Abrahamsbelofte in hulle lewe Sý seëninge te maak. (Ese. 36: 24 -

) Die eerste vers van die Matteus evangelie is Jesus is die seun van Dawid én seun van Abraham en die laaste 4 verse wys Hy ís die seun van Dawid aan wie alle mag gegee is om die Abrahamsbelofte so waar te maak – Hy is self God met ons.
Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za    Ds Petrus Kriel.

Dinsdag oggend
Jes.9: 5,6; 52: 13 – 53: 12; Mat.26: 26 – 35. Teks: Jes. 53:11 " My Dienskneg sal Hom as Regverdige betoon aan baie, en hulle sondeskuld – Hy sal dit op Hom laai." Tema: 'Christus het beplan om Paasfees die Kneg en Sondag die Here te wees.' In die Here se 3 aankondigings van sy plan vir Paasfees (Mat. 16: 21, 17:22 en 20: 17) verwoord die Here punt vir punt sy strategie, sy agenda om die Kneg van Jesaja 53 te wees:
* Om te ly is sy strategie om 52: 14 uit te voer – om menslik misvormd te wees - nie meer die gestalte van 'n mens te hê nie, dit is om verontmenslik te word;
* Om oorgelewer en geoordeel te word is sy strategie om 53:8 uit te voer – . na onderdrukking en 'n vonnis is Hy weggeneem;
* Om gekruisig te word is sy strategie om vers 5 uit te voer – Hy is deurboor vir ons oortredings en verbrysel vir ons sondeskuld;
* Om te sterf is sy strategie om vers 8 uit te voer  - om van die lewendes afgesny te wees en 'n graf by die goddeloses te kry;
* Om uit die dood uit op te staan, op te vaar na die hemel en aan God se regterhand te gaan sit – is sy strategie om 52:14 en 53:11 uit te voer – om suksesvol te wees, uit te styg, om uit te troon en verhewe te wees en om na sy swaarkry weer lig te sien.
Die Here Jesus het aanhoudend sy strategie, hóé om sy plan, sy doelwit en agenda, volgens Jesaja 52/53 uit te voer voor Paasfees aan sy dissipels bekend gemaak. Ook die Jode het sy plan geken. Daarom vra hulle vir Pilatus 'n wageenheid om sy graf op te pas omdat - volgens hulle - Jesus, die bedrieër vooraf gesê het Hy gaan op die derde dag uit die dood uit opstaan. (Mat. 27:63) 3. Met Paasfees het die Here elke keer die inisiatief en beheer gevat om sy plan en agenda volgens Jes. 53 uit te voer. Sy eerste inisiatief was om Lasarus uit die dood uit op te wek as magsdaad waardeur Hy bevestig dat Hyself uit die dood sal opstaan op die derde dag, Paassondag, en sy dissipels sy heerlikheid as Kneg sal sien. Met hierdie opwekking kataliseer die Here  die Jode se besluit om Hom dood te maak (Joh.11:53).
Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za    Ds Petrus.

Dinsdag aand.
Eseg.37: 11 – 14, 24 – 28; Mat. 27: 51 – 53; Luk.24: 36 – 46. Teks: Luk. 24: 46: "So staan daar geskrywe dat die Christus moet ly en op die derde dag opstaan." Tema: 'Christus was Paasvrydag die Kneg om Paassondag die opgestane Here te wees.' In die aankondiging van die Here se geboorte in Lukas kondig die engel aan dat Hy die Seun van God (Abrahamsbelofte) en Seun van Dawid (Dawidsbelofte) is aan wie God die beloofde troon gaan gee om Christus en Here te wees (Luk. 1:32,33). In Sagaria se loflied loof hy God dat Jesus die Dienskneg is uit die geslag van Dawid (Dawidsbelofte) wat die Abrahamsbelofte waarmaak dat ons God sonder vrees kan dien omdat Hy ons heilig en regverdig maak (Luk. 1: 67 – 75). Lukas voltrek sy getuienis met Petrus se preek op Pinksterdag dat Jesus as seun van Dawid uit die dood opgestaan het en verhoog is aan God se regterhand om Here en Christus te wees en só die Heilige Gees te ontvang en te gee wat ons in God se vergifnis en liefde laat leef. (Hand. 2: 30–36)  Die Here Jesus het van die begin af sy plan só

bekend gemaak:
1. Deur Vrydag die Kneg te wees wat ons sondes op Hom nee en
2. Sondag Christus en Here te wees na Hy uit die dood uit opgestaan het en ons in sy vergifnis en liefde laat leef. Paassondag oggend doen die Here Jesus wat Hy beplan het: Hy staan uit die graf uit op. Die graf is leeg. Hy is weer mens van vleis en bloed. Hóé (as wat) Hy uit die graf uit opgestaan het, bevestig die Here Sondagaand aan sy dissipels. Hy staan tussen hulle en sê nie Hy is nou 'n goddelike gees of 'n spook, 'n goddelike droom of aandoening in hulle gemoed nie. Hy sê hulle moet aan hom voel en vat om te bevestig Hy is lewend mens van vleis een bloed: " Vat aan My en kyk - 'n gees het nie vleis en bene soos julle sien Ek het nie." (Luk. 24: 39)
Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za     Ds Petrus.

Woensdag oggend
Jes.9: 5,6; 52: 13 – 53: 12; Mat.26: 26 – 35. Teks: Jes. 53:11: " My Dienskneg sal Hom as Regverdige betoon aan baie, en hulle sondeskuld – Hy sal dit op Hom laai."
Tema: 'Christus het beplan om Paasfees die Kneg en Sondag die Here te wees.'
Die Here Jesus se TWEEDE inisiatief om sy Paasplan uit te voer was om met 'n donkie in Jerusalem in te trek. So wys die Here Hy is volgens Sagaria 9:9 die kneg sonder gestalte, glans of voorkoms van mag. Sonder magsvertoon is Hy die loot (53:2), in Hebreeus "neser" waarin Matteus 'n heenwysing vind dat Jesus uit Nasaret is, 'n plek sonder aansien. Die Here het geen magstitel of posisie soos oudste, Fariseër, Sadduseër of Skrifgeleerde nie. Só bepaal die Here Jesus wie Hy is en wat sy Paasagenda is en nie die skare of die magtiges nie.
Die Here se DERDE inisiatief is die instelling van die Nagmaal. In die Nagmaal gee die Here Jesus die volle openbaring dat Hy die Kneg, die Lam is wat geslag word. Hy gee sy liggaam só as offer volgens Jes. 53: Ons smarte word op hom gelaai. Hy word vir ons sondeskuld verbrysel. Ons sondeskuld kom op Hom neer. Vanweë ons oortredings het die slae Hom getref. Hy is die Regverdige wat ons sondeskuld kry. Hy tree in vir oortreders. Om te bevestig dat Hy só die Kneg van Jes. 53 is het die Here Jesus sy dissipels se voete gewas.
Die Here Jesus se VIERDE inisiatief was om sy dood op Paasvrydag te laat gebeur. Die Jode het 2 dae voor Paasfees besluit Hy mag nie op die Paasfees dood gemaak word nie om 'n oproer tussen die 200,000 Jode wat in die stad was te voorkom (Mat. 26: 1 – 5). Jesus gee aan Judas die opdrag tydens die Nagmaal "Wat jy wil doen, moet jy gou doen." Deur Judas se verraad te ontketen, dwing die Here die Jode om hom wel op die Paasfees dood te maak.
Die Here se VYFDE inisiatief en beheer is om sy dissipels se passie om vir Hom te veg te blus en hulle van Hom te verdryf met sy opdrag aan Petrus " Sit jou swaard terug." So bewerk die Here dat hulle Hom nie ag nie, (53:3) en hulle soos skape sonder koers ronddwaal en Hom op Paasfees verraai, verloën en verlaat (53:6 Mat. 26:31). Die Here bestuur hulle minagting met die agenda dat hulle nie in Hom kan glo  of God se werk in Hom kan raaksien nie (Jes. 53: 1). Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za    Ds Petrus.

Woensdag aand
Eseg.37: 11 – 14, 24 – 28; Mat. 27: 51 – 53; Luk.24: 36 – 46. Teks Luk. 24: 46: " So staan daar geskrywe dat die Christus moet ly en op die derde dag opstaan. Tema Christus was Paasvrydag die Kneg om Paassondag die opgestane Here te wees.  Die Here Jesus het van die begin af sy plan só bekend gemaak: Die besondere van Lukas se getuienis van die Here Jesus se verskyning na sy

opstanding is dat die dissipels nie geglo het wat hulle beleef het nie. Hulle het nie geglo wat hulle sien toe hulle die Here gesien het nie. Hulle het nie geglo dit is ‘n geestelike visioen of droom nie. Hulle was nie geestelike ekstase oor wat hulle gesien het nie. Hulle was verskrik en beangs oor wat hulle sien en het geglo dit is ‘n spook. Hulle het ook nie tot geloof gekom toe hulle aan die Here gevat en gevoel het nie. Hulle was nie geestelik opgewonde oor Hom nie. Hulle het bly twyfel. Dit is net soos hulle nie een keer die Here geglo het toe die Here dit 3 keer aangekondig het dat Hy uit die dood uit gaan opstaan nie. Die Here se oortuiging dat Hy uit die dood uit gaan opstaan was juis die rede hoekom hulle hom verraai, verloën en verlaat het. Wat hulle tot geloof gebring het in wat hulle sien en voel was die opgestane lewende Here se Woord – die verduideliking van sy eerste 3 aankondigings oor sy opstanding (Luk. 24: 44) en vierde aankondiging oor sy Paasplan: “So staan daar geskrywe die Christus moet ly en op die derde dag opstaan.” (Luk. 24: 46) Hierdie Woord van die Here het hulle laat glo Hy moes eers die Kneg van Jes, 53 wees om só die Here te word wat ons vergewe. Só bewerk Christus vir elkeen wat hom toekeer in die geloof tot Hom as die Here wat die Kneg was die beloofde vergifnis: Hy maak vir hulle die Abrahamsbelofte waar dat Hy hulle van sonde reinig, hulle ‘n hart gee wat ‘n nuwe wet wat nie straf of beloon gehoorsaam omdat hulle in sy liefde leef. Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za Ds. Petrus

Donderdag oggend.
Jes.9: 5,6; 52: 13 – 53: 12; Mat.26: 26 – 35. Teks: Jes. 53: 11 “ My Dienskneg sal Hom as Regverdige betoon aan baie, en hulle sondeskuld – Hy sal dit op Hom laai."
Tema: 'Christus het beplan om Paasfees die Kneg en Sondag die Here te wees.'
Die Here Jesus se SESDE inisiatief en beheer van sy agenda om die Kneg te wees was om self sy kruisiging te bewerk. Die Here was die Regverdige. Hy het volkome reg volgens God se wet geleef. Daarom kon die Joodse raad geen rede kry om Hom dood te maak nie. Pilatus se verhoor het bevestig die Here is onskuldig vir enige wetsoortreding. Die Here gee self die enige rede vir sy kruisiging - niemand anders nie - wanneer Hy openlik verklaar Hy is God (Mat. 26: 63 – 66). Daarmee moes die Jode Hom laat kruisig volgens Deut. 21: 33 om te wys Hy is deur God vervloek (Gal. 3: 13).
Die Here se SEWENDE inisiatief was om tydens die Joodse Raad en Pilatus se verhoor stil te bly om sy plan om God se oordeel te dra (Jes. 53:10): “... hy is mishandel, maar Hy het Hom daaraan onderwerp en nie sy mond oopgemaak nie soos ‘n skaap wat ter slagting gebring word, soos ‘n ooi wat voor haar skeerders stom is.” (Jes. 53: 7). Die Here Jesus het nie alleen die inisiatief en beheer gevat om sy Paasplan volgens Jes. 53 uit te voer nie, maar het ook punt vir punt aan die kruis met sy kruiswoorde gewys hoe Hy besig is om Jes. 53 uit te voer:
a. Met sy kruiswoord aan die krimineel “Vandag sal jy saam met my in die Paradys wees”, openbaar die Here Hy is die Kneg wat ‘n graf saam met goddeloses kry (53: 43) en vir oortreders intree (53: 12).
b. Met sy kruiswoord “Vader vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie,” openbaar hy dat wat hulle met Hom doen, hulle in hulle ongeloof doen waarin God hulle blind maak vir sy verlossingsplan (Jes. 53: 1, Jes. 6: 9.10). Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za Ds Petrus.

Donderdag aand
Eseg.37: 11 – 14, 24 – 28; Mat. 27: 51 – 53; Luk.24: 36 – 46. Teks: Luk. 24: 46: “ So staan daar geskrywe dat die Christus moet ly en op die derde dag opstaan." Tema:

'Christus was Paasvrydag die Kneg om Paassondag die opgestane Here te wees.' Dít is wat ons as gelowiges met Paassondag vier: die opstanding van die Here wat Paasvrydag die Kneg was om van Paassondag die Here te wees wat ons met die Abrahamsbeloftes seën. Ons glo die vier aankondigings van die Here oor sy lyding en opstanding. Hierdie geloof in die Here se opstanding word wêreldwyd vandag uit die kerk en harte van gelowiges verdring deur geestelikes wat nié in die Here se opstanding wil glo nie maar wat Hom binne in hulself wil laat opstaan as ‘n gees, ‘n godsdroom, ‘n ideaal, ‘n beeld of ‘n voorbeeld. Dit word met die filosofiese redenasie gedoen dat Jesus nie fisies nie, maar metafisies uit die dood uit opgestaan het. Dit is 'n filosofiese woord waarmee hulle verklaar dat die Here nie regtig as MENS uit die dood uit opgestaan het nie, maar dat Hy net ‘n geestelike ervaring is wat as ‘n droombeeld, ‘n geestelike voorbeeld of ideaal binne in die gemoed van die dissipels opgekom het Paassondag aand.
Van watter dissipels praat hierdie geestelikes?
* Die wat nooit die Here geglo het toe Hy sy opstanding aangekondig het nie en Hom verraai, verloën en verlaat het oor sy verklaring dat Hy die derde dag uit die dood sal opstaan!
* Die wat nie sy fisiese teenwoordigheid geglo het toe Hy so aan hulle verskyn het en hulle dit so beleef het nie! Volgens hierdie geestelikes se ongeloof het hierdie dissipels sommer skielik net so Paasvrydag aand besluit hulle laat die Here in wie se opstanding hulle nie geglo het, binne in hulle deur Hom kamstig saam te beleef binne in hulle. Vir geestelikes is die Here Jesus nooit die Christus wat self die Kneg was om self die opgestane lewende Here te wees nie. Hy is net die droombeeld wat hulle in hulself opleef, beleef en herleef. Húlle máák Hom wie hulle Hom wil hê. Selfs nie eers die Here se eie dissipels het Hom so opgemaak met belewenisse nie . Hulle het in hul ongeloof en vrees gaan wegkruip. Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za   Ds Petrus.

Vrydag oggend
Jes.9: 5,6; 52: 13 – 53: 12; Mat.26: 26 – 35. Teks: Jes. 53:11: “My Dienskneg sal Hom as Regverdige betoon aan baie, en hulle sondeskuld – Hy sal dit op Hom laai."
Tema: 'Christus het beplan om Paasfees die Kneg en Sondag die Here te wees.'
c. Deur sy kruiswoord “ Ek het dors” (Joh. 19: 28) openbaar Hy dat Hy die kneg is wat ly soos verwoord in Ps. 22: 16. d. Met sy kruiswoord “Vader in U hande gee Ek my Gees oor” (Luk. 23: 46), openbaar die Here dat Hy die Kneg is wat Hom aan God se keuse om hom te verbrysel, oorgee. Hy gee hom nie aan die magtiges of die massa se drif en geknoei oor nie (Jes. 53: 10, Jes. 6: 9,10).
e. Met sy kruiswoord “My God, my God, waarom het U My verlaat”, openbaar die Here Hy dra die verlating en veragting van die volk van God as God wat Hom verlaat volgens Ps. 22 se beskrywing van die Kneg se lyding (Jes. 53: 3).
f. Met die  kruiswoord “Dit is volbring” (Joh. 19: 30), verklaar die Here Hy het sy agenda om die volle verlossing te bewerk ten volle volgens Jes. 53. uitgevoer om Sondagoggend uit die dood op te staan om só God met ons te wees (Jes 53: 13 -14, 53: 11). Die Here Jesus het nie maar net ‘n geestelike demonstrasie kom gee van ‘n opregte, ware innige geestelike mens wat met sy martelaarskap die skynheiligheid van instellings, ampte en organisasie kom ontbloot het nie. Die Here het sy Paasplan om vir ewig die opgestane en lewende Here met ons te wees  suksesvol uitgevoer. Hy was die Kneg om ons in sy liefde as Here en Christus te kan regeer. Ons kan nooit Jes. 53 sien as die plan en agenda vir óns eie lewe en Jesus se lewe as die strategie wat óns moet volg om Knegte van God te wees nie. So asof óns met

goddelike kragte en heerlikheid vervul sal word wanneer ons onsself slagoffers en martelare maak nie. Jesus was Kneg om vir ons Here en Christus te wees. Ons boots Hom nie as Christus en Here na nie. Ons antwoord sy Paasplan deur Hom daarvoor as Here te vertrou om so God met ons te wees.
Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za   Ds Petrus.

Vrydag aand.
Eseg.37: 11 – 14, 24 – 28; Mat. 27: 51 – 53; Luk.24: 36–46. Teks: Luk. 24: 46: “ So staan daar geskrywe dat die Christus moet ly en op die derde dag opstaan." Tema: 'Christus was Paasvrydag die Kneg om Paassondag die opgestane Here te wees.' Geestelikes wat glo hulle laat Jesus IN hulle opstaan, glo nie Hy was die Kneg wat deur sy opstanding as mens UIT die dood UIT Homself Christus en Here gemaak het nie. Hulle glo jý moet die kneg van Jesaja 53 word deur kamstig Jesus se gesindheid van oorgawe, selfontkenning, selfontdaning, deemoedigheid en gedienstigheid jou eie gesindheid te maak. Hulle glo dat Jesus jou só ‘n kneg maak sodat jy op hierdie manier vir Jesus kan koning maak van jou lewe. Hoe kry hierdie geestelikes dit reg om gelowiges te oortuig om die Here te verdring en te verloën om self die kneg te wees, God in hulle lewens te laat opstaan en God Here te maak in hul lewe? Antwoord: Dit is maar net ‘n ander variasie van alles wat God se Woord as afgodsdiens openbaar.
Hulle doen dit met die volgende boodskap:
* Jy moet God se kneg word sodat jy Jesus so koning maak!
* Jy moet Jesus laat opstaan in binne in jou laat leef!
En wêreldwyd klink hulle metode om dit te doen só:
* God is buite jou en nie binne in jou nie. Jy moet God in jou laat inkom deur Hom uit te nooi om God binne in jou te kom word. Hy sal inkom as jy jouself soos Jesus die kneg maak: jy moet jouself en jou eie-ek soos Jesus minag, veroordeel, niks maak, doodmaak en kruisig. Wanneer jy jouself met ‘n volle oorgawe só kneg maak, gee jy aan God alle mag om God binne in jou te wees.
* Só kom God binne in jou in en staan sy Gees in jou op sodat jy kan deel in God se krag, mag, lewe en wil. Hierdie waansinnigheid is niks anders as die afgodsdiens waarin mense die evangelie hoor en sien maar niks daarvan verstaan of glo nie (Jes. 6: 9, 10). Die Here Jesus het nie die Kneg geword om van ons God se knegte, se slawe te maak nie, maar om ons van slawe na kinders te verander (Gal, 4: 7). Ons is nie aan God se mag onderwerp nie maar leef as kinders in sy liefde omdat die Here Jesus die Kneg was. Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za    Ds Petrus.

Saterdag ekstra
Eseg.37: 11 – 14, 24 – 28; Mat. 27: 51–53; Luk.24: 36 – 46. Teks: Luk. 24: 46: “ So staan daar geskrywe dat die Christus moet ly en op die derde dag opstaan." Tema: 'Christus was Paasvrydag die Kneg om Paassondag die opgestane Here te wees.'   Die teenstelling tussen die Here wat as mens uit die dood opstaan om Here te wees en geestelikes wat Jesus in hulle laat opstaan met belewenisse wys die duidelikste in die verskil  hoe die Here sy opstanding bevestig en hoe geestelikes sy opstanding in hulle bevestig. Die Here het sy opstanding as lewende mens uit die dood uit bevestig soos Matteus daarvan getuig: “Die grafte is geopen en baie liggame van ontslapenes is opgewek. Hulle het ná sy opstanding uit die grafte gekom, die Heilige Stad binnegegaan en aan baie verskyn” (Mat. 27:53). Met hierdie magsdaad vervul die Here die profesie van Esegiël 37: 13,14 “Julle sal besef dat Ek

die Here is wanneer Ek julle grafte oopmaak en julle uit julle grafte laat opkom, my volk. Ek sal my Gees  in julle gee, en julle sal leef.” Volgens Esegiël 37: 24 – 28 is dít hoe die Here bevestig dat Hy die Seun van Dawid is wat aan die regterhand van God die Vader gaan sit nadat Hy Kneg was, en hoe Hy sy Gees gee sodat ons vir ewig in die vervulling van die Abrahamsbelofte as seëninge in ons lewe sal leef: Hy sal regte grafte oop maak waaruit regte dooies sal opstaan. En dit is presies wat die Here Jesus met sy eie opstanding as lewende mens uit die dood bevestig het. Hoe bevestig geestelikes vandag dat hulle Jesus ín hulle laat opstaan het en God se krag en lewe gekry het? Volgens hulle eie verduidelikings bevestig hulle dit met dit wat hulle noem “ spreek in tale”, God wat kamstig met ‘n goddelike taal deur hulle praat. Hulle goddelike gebrabbel bevestig hulle het slawe geword wat Jesus in hulle laat opstaan het, Hom koning in hulle lewe gemaak het deur knegte, slawe te word. Daarteenoor: Christus het met sy opstanding as Here bevestig Hy maak ons God se kinders in sy liefde deur regte grafte oop te maak en regte dooies uit die dood uit op te wek. Ons vier die Here se opstanding, ons laat Hom nie ín ons opstaan met ons herlewings en belewenisse nie. Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za    Ds Petrus.